NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE : AD HOC KOMMISSIE VIR TEOLOGIESE BEPLANNING GEHOU OP 19 JANUARIE 2005 TE BYBELHUIS, PORT ELIZABETH

1. OPENING EN VERWELKOMING

1.1 Die voorsitter, ds Hansie Schutte, lees uit Hebreërs 12:1-3 en open die vergadering met gebed.

1.2 Hy heet die aanwesiges welkom.

2. PRESENSIE

2.1 Dagbestuur SK

Ds Hansie Schutte – Voorsitter
Dr Chris van Wyk – Onder-voorsitter
Dr Schalk du Toit – Aktuarius
Ds Danie Mouton – Skriba
Ds Martin Steyn
Ds Arnold van der Westhuizen
Ds Christo van Heerden – DL Finansies
Dr Jan Viljoen - DA
Ds Rethie van Niekerk - verskoning

2.2 Ad Hoc Kommissie sinodale werkslading, funksionering van die kerkkantoor, uitkoop van leraars se tyd.

Dr Jan Viljoen
Dr Kobus Prinsloo
Ds Martin Steyn
Ds Christo van Heerden

2.3 Netwerkbestuurders op uitnodiging

Prof Piet Naudé – Navorsing
Ds Barnard Steyn - BNet

3. DOEL EN PROSES

3.1 Hierdie byeenkoms is gereël na aanleiding van ‘n verslag van die Ad Hoc Kommissie oor die sinodale werklading, funksionering van die kerkkantoor en die uitkoop van leraars se tyd aan die SK in sitting op 24 November 2005.

3.2 In hierdie verslag is die volgende fokusareas geïdentifiseer:

- Verdere teologiese besinning is nodig rakende die funksies van visioenêre leierskap en begeleiding;
- Met die oog op die bemagtiging van ringe en gemeentes is dit noodsaaklik dat leraars, gemeentes en ringe persoonlik besoek word;
- Grondige teologiese denke wat saamhang met die seisoen van luister is ‘n belangrike prioriteit.

3.3 Op aanbeveling van die Ad Hoc Kommissie het die SK besluit om hierdie dag van teologiese beplanning te reël vir die SK-Dagbestuur, die Ad Hoc Kommissie en twee Netwerkbestuurders, Piet Naudé en Barnard Steyn. (SK 2005-01-19 pt 6.3.1)

3.4 Die SK het ook ander opdragte aan die Teologiese Beplanningsdag gegee. Vergelyk punt 6.

4. PROSES

Die vergadering volg ‘n hermeneutiese proses van geloofsonderskeiding waarin Woordteks en konteks ons help om koers te bepaal. Dit is dieselfde proses wat pas met die oog op die seisoen van luister ontwikkel is. Dr Chris van Wyk hanteer die fasilitering.

4.1 Luister na mekaar

- Funksioneer ons met Christus se legitimiteit in ons sinodale verband?
- “Dis ons kerk” – min van evangelie en God daarin. Krisis. Kerkhereniging gesprek.
- Lae verbintenis aan Bybelse beginsels. Uitdaging vir visionering.
- Ook gemeentes wat positief is oor kerkhereniging en opdragte van die Here. Gesprek laat mense dink. Positief.
- Waar daar reeds samewerking is tussen gemeentes, is mense positief oor kerkhereniging.
- NG Gemeentes is aan die doodgaan. Lidmate beplan reeds oor hoe die kerk gaan toemaak weens ontvolking van die platteland.
- “Teologie” waarmee NG Kerk tradisioneel geopereer het, maak dat ons ander mense nie as ons gelykes kan hanteer nie.
- Ons gaan situasie van groter pluraliteit binne wat mense opgewonde en bly maak. Ons is nou gereed om die diepte en waarheid van ons eie tradisie nuut te ontdek.
- Moenie suksesmoraal van die besigheidswêreld op die kerk van toepassing maak nie. Jy verloor visie dat jy ‘n “long view” op die kerk moet hê.
- Middel en hoër klas Afrikaners is tans aan ‘n de-institusionaliserende tendens onderworpe. Die geïnstitusionaliseerde gestalte van die kerk is net een gestalte daarvan. Hulle is wel sout en lig in werkplek.
- Bediening moet aanpas by ‘n nuwe situasie.
- Sinodale model in breë nog geneem uit institusionele model. Gemeentes en strukture verander.
- Erken gemeentes en gelowiges as teologiserende entiteite – help hulle om dit te doen.

● Die kerk is eerliker en egter as tevore volgens ‘n emeritus. Vryheid.
● Groeipunte soos Gestuurde Gemeentes en Kingfisher. Dit laat mense anders dink.
● Daar is ook saboteurs in die Oos-Kaap onder die leiers.
● Werk aan die skeptici.
● Meganisme om beter met ringe te kommunikeer oor wat daar aangaan. Daar is ‘n ander dinamiek in elke ring en gebied.
● Wat kan ons energeer, hoe kan ons skakel en bymekaar leer. Hoe kan ringe ‘n groter statuur kry.
● Gemeentes wat tot ‘n paar jaar gelede net na binne geleef het – daar gebeur nou in baie van hulle wonderlike dinge.
● NGK is veranderende kerk – ten goede. Grense tussen kerke vervaag.
● Jaarprogramme en ander gemeentelike dokumente toon nog institusionele uitgangspunt.
● Ons dink ons weet hoe ons verander. Maar ons weet nie – ons moet dit nog leer. Luister.

4.2 Skriftekste

Watter tekste kan ons help met wat ons in konteks beleef? Watter tekste bring lig en waarheid in ons situasie?

Kol 1:15 en verder
1 Korintiërs 1:10 en verder
1 Korintiërs 12
Efesiërs 4

Die liggaamsmetafoor help ons om eenheid en diversiteit vas te hou.

Sagaria 8:16 – geregtigheid, legitimiteit, waarheid.

Sagaria 10:8

Deuteronomium 24 – versorging van die vreemdeling, wese, weduwee. As jy barmhartig is, sal jy voorspoedig wees.

Psalm 1:1-3 – boom by water, Woord, wet van God oordink. As jy Woord oordink, sal jy voorspoedig wees.

Psalm 145 – God se trou aan die skepping. Barmhartigheid.

Psalm 72 – Kroningspsalm – God kom in eenvoud, in Christus.

4.3 Luister na ander wat nie hier praat nie

● Stem van 20-30-jariges raak belangrik. Het ons die vaardighede om na hulle te gaan, en hulle te ontmoet waar hulle is.
● Ook ander denominasies ervaar wat ons ervaar.
● Ekumeniese behoefte dat kerke na mekaar hande uitsteek.
● Ander leer ons om nie so vinnig te wees met antwoorde nie.
● Beweeg van spiritualiteit van plek en sekerheid en dié van pad / reis waar daar meer onsekerheid is;
● David Bosch: *Spirituality of the Road;*
● Nancy Ammerman – Daar is nie so iets soos sekularisasie; mense meer spiritueel; institutêre kerk kan hulle egter toenemend nie akkommodeer nie.
● Ons kan infrastruktuur beskikbaar stel vir gebruik vir plaaslike dienslewering.
● Vroue – moenie namens ons praat nie.
● Mense het weerstand teen andersdenkendes.
● Seniors ook ‘n stem – toe ons kinders was, het ons nie invloed gehad nie, noudat ons ouer is, nou praat kinders.

4.4 Wat ruk jou / troos jou?

4.4.1 Troos

● Miga 6:9 – om die Here te dien, dit is wysheid.
● Wonderlike goed gebeur in die alledaagse lewe van gelowiges.
● God hou self sy kerk in stand.
● Nuwe samelewing wat reeds bestaan. Dinamiek wat nie daar was. Troostende ding.
● Daar is meer Christelikheid buite die kerk as binne die kerk.
● Moenie verslae na mense vat, maar leiers.

4.4.2 Ruk

● Geen ander lewensverband wat so vreemd lyk as die NG Kerk in ons huidige samelewing. Die samelewing het dikwels waardes omhels wat Christelik is – bv versoening – terwyl die kerk dit nie doen nie.
● Hoe gaan ons ons sinodale praxis in ooreenstemming bring met wat ons nou reeds weet.
● Skuif van ‘n diep hiërargie na ‘n plat netwerk van verhoudinge.
● Geloofsgemeenskappe moet *sacred spaces* word waar mense God kan ontmoet;
● Predikante nie *religious officials* (vgl sinode) maar *spiritual leaders* (Arnold Smit).
● Navorsing
● *Big systems thinking*.
● Predikante kan sekere dinge sê of nie sê nie omdat hulle afhanklik is van die finansiële ondersteuning van mense wat in institusionele terme dink.

4.5 Uitkomste

Waaraan moet ons aandag gee in die lig van bogenoemde?

● Kapasiteit om betekenisvolle prosesse na ringe en gemeentes te neem.
● Hoe gaan ons te werk om ’n institusionele hermeneutiese prop weg te kalwe ten gunste van nuwe gestaltes van gehoorsaamheid aan die Woord?
● Ons skuif van ‘n kerugmatiese transformasieteorie na ‘n narratiewe transformasieteorie waar ons na ons verhaal luister in die lig van die

meesterverhaal van die evangelie.
- Deur op predikante te fokus kan geweldig baie transformasie in die kerk in die hand werk.
- Die sinode het die verantwoordelikheid om 'n proses van teologiese geloofsonderskeiding as 'n normale, deurlopende praktyk in ringe en gemeentes te help vestig. Dit kan die enkele grootste bydrae wees om ringe en gemeentes te bemagtig met die oog op die getroue uitvoering van Christus se roeping vir sy kerk.
- Die vestiging van 'n retraite-sentrum vir predikante.

5. AANBEVELINGS

5.1 Die teologiese beplanningsdag word 'n deel van die sinodale ritme.

5.2 Die bosberaad word vanjaar in 'n ander raamwerk gegiet, te wete vier gedesentraliseerde byeenkomste in ringsgebiede waarheen alle leraars genooi word. Die bedoeling is om dieselfde teologiese onderskeidingsproses (sien hierbo) met die leraars deur te werk.

5.2.1 Ontmoetingspunte:
· **Queenstown (ringe van Dordrecht, Queenstown, Burgersdorp);**
· **Cradock (ringe van Graaff-Reinet, Cradock, Albanie);**
· **Uitenhage (ringe van Humansdorp, Uitenhage, Sondagsrivier);**
· **Port Elizabeth (ringe van Algoa, PE en PE-Wes).**

5.2.2 Datums: 18-21 April 2006.

5.2.3 Leiding en fasilitering: die moderatuur en ds Barnard Steyn neem die leiding. Dr Chris van Wyk tree as oorhoofse fasiliteerder op.

5.2.4 Die fasiliteerders kom op Dinsdagmiddag, 28 Februarie, bymekaar vir toerusting.

6. OPDRAGTE VAN DIE SK (2005-11-24)

6.1 Uitkoop van tyd

6.1.1 Uittreksel uit die SK-Notule 2005-11-24:

6.3.1 Uitkoop van Tyd (pt 5.1.1) Bylaag U

6.3.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag U (Verslag van die ad hoc kommissie oor sinodale werklading: Funksionering van die kerkkantoor en die uitkoop van leraars se tyd - dd 2005-11-24) en neem kennis van die inhoud.

6.3.1.2 Besluit: Die volgende aanbeveling word goedgekeur: "'n Teologiese beplanning-sessie word gereël vir 19 Januarie te Port Elizabeth vir die SK-Dagbestuur, ad hoc kommissie, ds Barnard Steyn en prof Piet Naudé."

6.1.2 Besluit: Die saak staan oor.

6.2 Verslag aan Algemene Sinode re Kerkhereniging

6.2.1 Uittreksel uit SK-Notule 2005-11-24:

6.1.1 Oos-Kaapse Gesprek met Kerkrade re Kerkhereniging (pt 14.1.2.14)

6.1.1.1 Ds Barnard Steyn doen verslag oor die verloop van die gesprekke re kerkhereniging wat met elke kerkraad in die sinodale gebied gevoer word. 'n Verslag oor die menings van die gemeentes sal gekompileer en aan die Algemene Sinode gestuur word.

6.1.1.2 Besluit: Die kompilasieverslag word deur die Teologiese Beplanningsessie van 19 Januarie 2006 goedgekeur (vergelyk pt 6.3.1.2) en daarna aan die Algemene Sinode gestuur en onder Oos-Kaapse gemeentes gesirkuleer.

6.2.2 Kennis geneem dat die laaste uitstaande verslae van fasiliteerders eers vandag, 19 Januarie, ontvang is.

6.2.3 Besluit: Di Barnard Steyn, Danie Mouton en dr Chris van Wyk ontvang volmag om die verslag aan die Algemene Sinode saam te stel.

6.3 Bosberaad

6.3.1 Uittreksel uit die SK-Notule 2005-11-24:

6.3.4 Bosberaad 2006 (pt 5.2.2.4)

6.3.4.1 Besluite:
1 Die Bosberaad vind van 18-20 April 2006 plaas
2 Die inhoud van die Bosberaad word verwys na die Teologiese Beplanningsessie van 19 Januarie 2006.

6.3.2 Die saak is afgehandel - vergelyk pt 5.2 hierbo.

6.4 Skrywe Ring van Humansdorp: Permanente uitbreiding BNet en NN

6.4.1 Uittreksel uit die SK-Notule 2005-11-24:

8.1 Skrywe Ring van Humansdorp: Permanente uitbreiding BNet en NN Bylaag O

8.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag O (Skrywe Ring van Humansdorp: Permanente uitbreiding BNet en NN - dd 2005-10-30).

8.1.2 Besluit: Die skrywe word verwys na die

teologiese beplanningsessie van 19 Januarie 2006.

Bylaag O

Die Voorsitter
Sinodale Kommissie
Port Elizabeth

Hierdie is 'n voorstel van die Ring van Humansdorp. Ons wil dit nie as 'n beskrywingspunt deurgee nie, maar net as 'n voorstel vir die Sinodale Komm om te oorweeg.

VOORSTEL:

Die Ring van Humansdorp is van mening dat daar te min energiepunte is en koördinering in die bediening van die N G Kerk Oos Kaapland plaasvind. Ons is daaraan verbind dat die Ring hierdie rol vervul, maar ondervind dat gemeenteleraars oorlaai word. Ons meen dat die Ringe van die Oos Kaaplandse Sinode hierin ondersteun kan word as die werksaamhede van BNet en die Navorsingsnetwerk uitgebrei kan word. Die Ring van Humansdorp versoek dus die Sinode om ondersoek in te stel na die permanente uitbreiding van BNet en die Navorsingsnetwerk.

Voorstellers: D Higgs, W. de Koker.

Groete

Kobie Bekker
Ringskriba

6.4.2 Besluit: Die saak staan oor.

7. AFSLUITING

7.1 Ds Hansie Schutte lees Hebreërs 12:1-3 voor.

7.2 Ds Martin Steyn sluit met gebed af.